CMR
Gauteng Oos/East
Elarduspark/Elardus Park • NPO 011 - 591

# Jaarverslag van CMR Elarduspark 01/04/2024 – 31/03/2025

NG Elarduspark
die gemeente wat omgee

**JAARVERSLAG VAN DIE CMR ELARDUSPARK**
**VIR DIE TYDPERK 1 APRIL 2024 TOT 31 MAART 2025**

## 1. INLEIDING

Die CMR Elarduspark is 'n geregistreerde welsynsorganisasie (NPO) en vorm deel van die "Omgee en uitreik" van die NG Gemeente Elarduspark. Hierdie verslag dek net die werksaamhede van die CMR Elarduspark se gevallewerkpos. In die Omgee en uitreik verslag word terugvoer gegee oor die projekte en bedienings in die kantoor.

Daar word soos volg oor die jaar se werksaamhede van die CMR Elarduspark se gevallewerk pos verslag gedoen.

## 2. KONTAKBESONDERHEDE

| | |
|---|---|
| Maatskaplike werker: | Annelize Human |
| Registrasienommer: | 10-22317 |
| Telefoonnommer: | 012 - 345 1144 |
| Bestuurder: | Marize Nel(Bedank einde April 2025) |
| Registrasienommer: | 10-29287 |
| Telefoonnommer: | 012 – 361 4613 |
| Fisiese adres: | NG Gemeente Elarduspark<br>Frelonstraat 547<br>Elarduspark |
| Provinsie: | Gauteng |

## 3. BESTUURSLEDE VAN DIE CMR ELARDUSPARK

| VOLLE NAME EN VAN | TITEL | E-POS ADRES |
|---|---|---|
| Lieze Meiring | Dr | lieze@ngelarduspark.org.za |
| Leon Westhof | Ds | leon.westhof@gmail.com |
| Gerhard Olivier | Mr | gerhardo@mweb.co.za |
| Marlise Viljoen | Mrs | marliseviljoen@vodamail.com |
| Leon van den berg | Mr | leon@vitanova.co.za |
| Hannes van den berg | Mr | han1vdb@gmail.com |

Die bestuurslede van CMR Elarduspark vervul 'n belangrike ondersteunende en besluitnemings rol. Die Algemene Jaarvergadering is gehou op 12 Junie 2024 en 'n Ledevergadering is gehou op 23 Oktober 2024. Volgens CMR Elarduspark se konstitusie moet twee vergaderings per jaar gehou word, waarvan die Jaarvergadering en die Ledevergadering deel vorm. Die kantoor se konstitusie is in 2022-2023 in Engels vertaal en nou beskikbaar in Afrikaans en Engels. Indien enige persoon die konstitusie wil besigtig, kan die kantoor gekontak word.

## 4. PERSONEEL VAN DIE CMR ELARDUSPARK

| NAAM | POSISIE |
|---|---|
| Me. Anel Roux | 6/8 Maatskaplike Werker |
| Me. Annelize Human | 5/8 Maatskaplike Werker |
| Me. Amanda Venter<br>Me. Alida Keet | 6/8 Administratiewe Beampte (Me Venter tot en met Februarie 2025 and Me Keet vanaf Maart 2025) |
| Me. Marize Nel | 1/8 Bestuurder |

Daar word 6 weekliks kantoorvergaderings gehou waar nuwe projekte en uitdagings in die kantoor bespreek word. Die maatskaplike werkers het ook op 6 Augustus 2024 tydens 'n kerkraadsvergadering aan die kerkraad terugvoer gegee oor die kantoor se werksaamhede. Hierdie inligting word ook op 'n gereelde basis met die gemeente gedeel via Weekliks.

## 5. TIPE DIENS WAT GELEWER WORD

Die CMR Elarduspark (gevallewerkpos) lewer hoofsaaklik statutêre- en gesinsorgdienste aan individue en gesinne in die gemeenskap van Elarduspark, Wingatepark, Rietvalleipark, Rietvalleirand en Rietvlei Ridge. Die dienste sluit in ouerleiding, beskerming van kinders, pleegsorgkeurings en –toesigdienste, gesinsherenigingsdienste, afhanklikheid van alkohol en dwelms en kinderhofondersoeke.

Dienste wat gelewer word, word nie deur die Departement van Maatskaplike Dienste gesubsidieer nie, maar word ten volle deur die NG Gemeente Elarduspark gefinansier.

Aanvanklik het dienslewering hoofsaaklik gefokus op gemeentelede, maar daar is geen ander welsynsorganisasie wat 'n sigbare kantoor in die gemeenskap het nie en gesinsorgdienste lewer binne die gemeentegrense van Elarduspark nie. Dus het dienslewering oor die afgelope paar jaar uitgebrei na die breë gemeenskap. Ongeveer 25 % van die kliënte op die gevallelading is egter lidmate van die NG Kerk.

Die dienste van die CMR Elarduspark fokus hoofsaaklik op die versorging van kinders in die gemeenskap. Samewerkingsooreenkomste is met verskeie professionele persone in die omgewing aangegaan in die verlede bv. met die plaaslike skole, sielkundiges, privaat maatskaplike werkers en ander hulpbronne om in die beste belang van kinders in die gemeenskap

op te tree. Die CMR Elarduspark ag hierdie verhoudinge as baie belangrik en poog deurentyd om dit te verbeter en uit te brei.

**Die volgende dienste van hulpbronne in die gemeenskap is gebruik:**

- *CMR Gauteng-Oos Hoofkantoor*

  Die hoofkantoor van CMR Gauteng-Oos bied verskeie ondersteunings- en moniteringsdienste aan die kantoor. Dit sluit in 'n Pleegouerkeuringskomitee, Pleegoueropleiding, Personeelontwikkeling, Konsultasiedienste, koördinering met verskeie rolspelers soos die Departement Maatskaplike Dienste, voorsiening van hulpbronne, ens.

- *CMR Gauteng-Oos se terapie eenheid*

  Vier (4) kinders is verwys vir Sosio-Emosionele/"Voice of the child Assessments and Therapy". Die CMR kantoor het vir een (1) kind en een (1) familie se dienste betaal. Drie (3) gesinne is verwys vir Interaksionele Analises. Terugvoer en verslae word vanaf die terapie eenheid ontvang wat gebruik word in onder andere kinderhofondersoeke en om die gesinne by te staan in hulpverlening.

- *Maatskaplike werkers in Privaat Praktyk / Sielkundiges*

  Soms word kinders na persone in privaat praktyk verwys vir dienste. Die dienste sluit in assesserings en terapie. Die CMR het drie (3) gesinne verwys na dienste in die privaat praktyk. Een (1) gesin het gratis dienste ontvang twee (2) gesinne kon self vir dienste betaal. Gereelde skakeling vind plaas tussen die CMR en die terapeute.

Die CMR kantoor het R 7100 bestee aan terapie vir die afgelope jaar.

- *Sielkundiges / Maatskaplike werkers / Onderwysers by skole*
  Hoërskool Waterkloof, The Glen High School en verskeie laerskole in die omgewing het 'n ondersteuningsdiens vir leerlinge. Daar is 'n noue skakeling tussen die CMR en die skole om te verwys en koördineer ten opsigte van dienslewering aan gesinne binne die gemeenskap.

- *Pretoria Kinderhof / Departement Maatskaplike Dienste / Ander* Welsynsorganisasies / SAPS Lyttelton / Unchain Our Children
  Die CMR Elarduspark het gereelde skakeling met ander rolspelers in die Welsynstruktuur en verwante departemente om 'n professionele diens te verseker.

## 6. BEREIKING VAN DOELWITTE

### 6.1 LANGTERMYN GEVALLELADING

Dienste is gelewer aan 188 individue, wat soos volg uiteengesit kan word:

| | SWART | Kleurling | Asiër | Blank | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| Mans | 11 | 0 | 2 | 35 | 48 |
| Vroue | 10 | 0 | 2 | 38 | 50 |
| Kinders | 17 | 1 | 5 | 67 | 90 |
| **Totale getal persone wat deur die loop van die tydperk 'n diens ontvang het.** | **28** | **1** | **9** | **140** | **188** |

Bogenoemde individue verteenwoordig die volgende gesinne:

| | Swart | Kleuring | Asiër | Blank | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| Gesinne | **14** | **0** | **3** | **40** | **57** |

Die ontleding van dienste wat aan die individue/gesinne gelewer word kan in 2 kategorië bespreek word:

1. Statutêre dienste wat fokus op die beskerming van kinders, en die ontwikkeling en bemagtiging van gesinne;
2. Pre-statutêre (voorkoming) dienste wat fokus op kapasiteitsbou van individue en gesinne.

Die doelwit van die vorige finansiële jaar was om 50 gesinne op die langtermyn gevallelading te bereik. Die beplanning was om 30 van daardie gesinne ingevolge die Kinderwet te hanteer en 20 gesinne op 'n voorkomingsvlak

### 6.1.1 Kinderbeskerming, ontwikkeling en gesins-bemagtiging

Doelwit: Om deur middel van terapeutiese insette en lewensvaardigheidsontwikkeling ingevolge die Kinderwet, Wet 38 van 2005 soos gewysig, kinders en gesinne te beskerm en te bemagtig.

'n Totaal van Sewe en vyftig (57) gesinne het statutêre dienste ontvang die afgelope jaar. Dit het die volgende dienste ingesluit.

**Kinderhof ondersoeke (beveiliging van kinders)**

Statutêre optrede word altyd as laaste opsie gebruik in die beveiliging van kinders. Voorkomingsdienste word altyd eers gelewer byvoorbeeld die verligting van finansiële nood of terapeutiese dienste.

Dertien (13) gesinne en een en twintig (21) kinders was die afgelope jaar betrokke by kinderhofondersoeke.

- Twaalf (12) ondersoeke het gehandel rondom die primêre versorging en kontak van kinders, terwyl een (1) ondersoek gedoen is na beweerde sorgbehoewendheid.
- Sewe en dertig (37) kinderhofverslae aangaande die dertien (13) gesinne is geskryf.

- Elf (11) sake ten opsigte van die primêre versorging en kontak, is steeds hangende.

**Pleegsorgtoesigdienste**

Hierdie dienste is gelewer aan twintig (20) gesinne met twee en dertig (32) pleegkinders betrokke.

- Drie (3) Artikel 176 verslae is geskryf.
- Vier (4) Agtergrondsverslae is geskryf vir ander Welsynsorganisasies rakende biologiese ouers/voornemende pleegouers en naweek/vakansie ouers.
- Een (1) Artikel 173 verslag en een(1) opvolg Artikel 174 verslag is geskryf vir die wysiging van pleegsorg en die betrokke kind is geplaas in plek van veiligheid van Jakarande Kinder- en Jeug Sorgsentrum.
- Twee (2) Artikel 175 verslae is geskryf, waar een (1) kind herenig is met haar biologiese vader en een (1) kind onthef is van die Kinderwet, 38 van 2005, aangesien hy skool voltooi het.

**Gesinsherenigingsdienste**

Hierdie dienste is gelewer by agt (8) gesinne met dertien (13) kinders in alternatiewe sorg.

- Netwerkvergaderings tov twee (2) gesinne is gehou.
- Een (1) gesin is verwys vir ouerleiding.

### 6.1.2 Kapasiteitsbou van individue en gesinne (Voorkomingsdienste)

Doelwit: Om deur middel van vroeë intervensie, maatskaplike problematiek soos chemiese afhanklikheid of gesinsprobleme binne gesinsverband aan te spreek.

**Beskerming van kinders**

Twee (2) gesinne het voorkomingsdienste ontvang waar kommer bestaan het oor die versorging van die kinders.

**Pleegsorg en plek van veiligheid keurings**

Twee (2) gesinne het dienste ontvang rondom naweek/vakansieverlof en – toesig van kinders in 'n Kinder-en Jeugsorgsentrum.

**Materiële nood**

Een (1) gesin uit die korttermyn gevallelading en een (1) gesin uit die langtermyn gevallelading het die afgelope jaar materiële hulp ontvang in die vorm van kospakkies. Hierdie diens dra by tot die behoud van 'n gesin, maar dit moet ook omsigtig aangewend word om nie afhanklikheid van hulp aan te moedig nie.

## 5.3 KORTTERMYN GEVALLE

Afgesien van die langtermyn gevallelading sluit gevallewerk ook 'n tydelike of korttermyn gevallelading in. In hierdie gevalle word dienste afgehandel deur tussen 1 en 5 kontakte per gesin of hulle word verwys na ander instansies vir hulp.

Vanaf 1 April 2023 tot 31 Maart 2024 is vyftien (15) korttermyn sake hanteer.

**Soorte probleme hanteer deur middel van die korttermyn gevallelading:**

| | Getal gesinne | Getal kinders |
|---|---|---|
| Verwaarlosing van kinders<br>Kode 35 | 3 | 3 |
| Aanneming<br>Kode 37 | 3 | 0 |
| Pleegsorg<br>Kode 39 | 3 | 4 |
| Huweliksprobleme<br>Kode 42 | 2 | 3 |
| Materiele nood<br>Kode 44 | 1 | 0 |
| Statutêre sorg/Egskeidingsbevel<br>Kode 55 | 2 | 3 |
| Hawelose person<br>Kode 56 | 1 | 0 |
| Totaal | 15 | 13 |

## 6. KONSULTASIE

Konsultasiedienste word deur 'n bestuurder van CMR Gauteng-Oos (mev. M. Nel) gelewer. 'n Konsultasiegesprek word een keer elke tweede maand met die maatskaplike werker gevoer waartydens knelpunte wat in die gevallelading ondervind word, bespreek word. Sake van belang vanaf die CMR Gauteng-Oos word ook aan die maatskaplike werker oorgedra.

Vanweë die hoë intensiteit van die gevallelading word daar dikwels van netwerkvergaderings gebruik gemaak, waarby die bestuurder betrek word. Die bestuurder is ook verantwoordelik vir die kanalisasie van statutêre verslae. 'n Belangrike funksie van die bestuurder is ook die emosionele en morele ondersteuning aan die maatskaplike werker te bied.

## 8. PERSONEELONTWIKKELING EN INDIENSOPLEIDING

Daar word jaarliks 2 administratiewe sessies in groepverband aangebied deur CMR Gauteng-Oos.

Geregistreerde maatskaplike werkers moet jaarliks 20 CPD punte bekom soos voorgeskryf deur die SACSSP en die maaskaplike werkers van CMR Gauteng-Oos is geregistreer by die Centurion Social Workers forum. Die forum skeduleer 8 opleidings sessies gedurende die jaar. Die maatskaplike werker het 4 sessies bygewoon en 8.5 CPD punte verwerf. .

Die maatskaplike werker het ook 'n twee dag opleiding gedurende Mei 2024 bygewoon, met die tema: "Reporting of abused or neglected child and child in need of care and protection." 'n Twee dag opleiding met die teme "Safety and Risk Assessment in Child Protection." 'n Een dag werkswinkel met die tema: "Understanding the amendments of the Children's Act and Regulations is op 30 Augustus 2024 bygewoon. Die SACSSP het 'n opleiidng gedurende Februarie 2025 aangebied, met die tema: Code of Ethics." Die ondergetekende het ook hierdie opleidng bygewoon.

Gedurende Julie 2024 tot en met September 2024 het die Maatskaplike Werker individuele opleiding aangaande gevallelading en dagboek beplanning bygewoon est aangebied is deur Me. Ronel Ferreira van Pro Care.

Maatskaplike Werkers Dag met die tema "Treasure Her" wat deur Me. Lizanne Chittenden gedurende Maart 2025 aangebied is, is ook deur die ondergetekende bygewoon.

Geregistreerde Maatskaplike Werkers moet 20 CPD punte jaarliks verdien.

## 9. SAMEVATTING EN BEPLANNING

Die gevallewerkpos in Elarduspark is 'n 6/8 pos. Daar is egter gedurende Februarie 2023 besluit om die die twee poste van die kantoor te herstruktureer. Die voorkomingswerk met gesinne sal voortaan deur die gemeenskapsontwikkelingspos hanteer word. Die statutêre werk sal hanteer word deur die Statutêre Maatskaplike Werker. Die tipe werk het 'n hoë intensiteit met groot verantwoordelikhede, aangesien ingrypende besluite dikwels rakende mense se lewens gemaak moet word

Daar moet voortgebou word op die samewerking en ondersteuning van die gemeente en gemeenskap wat dienslewering van hoogstaande gehalte sal bly verseker.

## 10. AFSLUITING

Die dienste wat die afgelope jaar aan mense wat in nood verkeer gelewer kon word, sou nie moontlik wees sonder die ondersteuning en befondsing van die NG Gemeente Elarduspark nie. Daar is 'n groot verskil in die lewe van baie mense gemaak.

Die ondersteuning van hulpbronne in die gemeenskap is van groot belang in die effektiewe dienslewering aan gemeenskapslede.

VOORSITTER

MAATSKAPLIKE WERKER

BESTUURDER